iwrm water & development

OPKOMENDE VOLHOUBAARHEID IWRM NUUS

February 2009 – Volume 1, Number 2 – Page 1

iwrm ... water & development

Wat is die MDGs?

Frequently, IWRM project participants tell us they do not understand what we are talking about when we mention the MDG's or Millenium-ontwikkelingsdoelwitte. This short article is meant to shed some light on the MDG's. The MDGs are almost like a "balanced scorecard" that the international community of agreed on – with a focus on poverty alleviation. If the MDGs are achieved, they will be able to say they were successful in achieving the desired result on each of these indicators.

Die *Millennium* Ontwikkelingsdoelwitte (MOD'e) is ontwikkel uit die agt hoofstukke van die Verenigde Nasies Millennium Verklaring, wat in September 2000 onderteken is.

Die agt doelwitte en mikpunte sluit in:

MDG 1. Uitwis van ergste armoede en hongersnood - Halveer tussen 1990 en 2015 die getal mense wie se inkomste minder as een dollar per dag (R10 per dag) is. - Bereik volle en produktiewe indiensplasing en ordentlike werk vir almal, insluitend vroue en jongmense. - Halveer tussen 1990 en 2015 die getal mense wat honger ly.

MDG 2. Bereik universele primêre opvoeding - Verseker dat alle kinders, seuns en dogters, teen 2015 in staat sal wees om primêre skool te voltooi.

MDG 3. Bevorder geslagsgelykheid en bemagtig vroue - Verwyder geslagsongelykhede in primêre en sekondêre opleiding verkieslik teen 2005, en op alle vlakke teen 2015.

MDG 4. Verminder kindersterfte-syfer - Verminder tussen 1990 en 2015 die sterftesyfer vir kinders onder vyf met tweederdes.

MDG 5. Verbeter gesondheid van moeders - Verminder tussen 1990 en 2015 die sterftesyfer onder moeders met 'n driekwart. - Bereik teen 2015 universele toegang tot voortplantingsgesondheid.

Sien die Maart Nuusbrief vir MOD'e 6-8

Summarised at the Malawi IWRM Conference with DANIDA on the SADC (South African Development Community) country's projects:

SADC IWRM Focus for 2009:

- Embedding IWRM in SADC
- M&E and support to SADC IWRM communities
- Engaging with SADC IWRM Districts to get them involved with sustainability issues (Not South Africa)
- Workshop outputs will be take forward to determine the nature of actions that will inform this engagement

Boodskap van GARC:

Goedgedacht Agricultural Resource Centre bied aan alle tuiniers en boere 'n interessante inligtingstuk - "Werksbeplanning volgens die Maankalender" wat op 'n weeklikse basis uitgestuur word. Die plan vir 30 Maart tot 4 April vorm deel van hierdie nuusbrief. Indien u elke week hierdie gids will ontvang, kontak vir GARC om jou naam op hulle verspreidingslys te sit.

Bel vir GARC op 022 482 1016.

Departement Waterwese
IWRM Nuusbrief Redakteur:
Nolitha Zuzani 021 9507274
IWRM Community Development Officer:
Ella Bisset 021 9507229

The IWRM / Sea Harvest / Transport Authority's New Venture Creation (NVC)

In order to support and deepen the establishment of sustainable community based enterprises, DWAF IWRM was fortunate to secure 25 NVC learnerships from the Transport Education and Training Authority (TETA).

Wat is die NVC? Die New Venture Creation (NVC) kwalifikasie rus bestaande sakemanne en –vroue toe met die nodige vaardighede, houdings en kennis om 'n volhoubare besigheid te begin, ontwikkel en suksesvol te laat groei.

Sommige van die leerareas wat in hierdie kwalifikasie aangespreek word, is die ontwikkeling en implementering van 'n besigheidsplan; hoe om 'n besigheid te bestuur, insluitend die instandhouding van stelsels en die bestuur van basiese besigheidsfinansies; die toepassing van innoverende denke; navorsing en evaluering van die lewensvatbaarheid van nuwe besigheidsidees en –geleenthede; hoe om die markomgewing te verstaan. Al hierdie aspekte is van kritieke belang vir die besigheidsentrepreneur.

Die NVC kwalifikasie het 'n teoretiese inleidingsprogram sowel as 'n intensiewe opleidingsessie wat klaskamergebaseerd is.

Wie betaal? Die Transport Education & Training Authority (TETA) betaal vir die opleiding in samewerking met die Sea Harvest maatskappy. Hierdie liggaam is verantwoordelik daarvoor om kwaliteit opvoeding, opleiding en ontwikkeling in die vervoersektor te verseker. DWAF / IWRM sal die vervoer en akkomodasie kostes dra.

Hoeveel leerders kan opgelei word? 25 leerders sal aanvaar word vir opleiding ten einde die NVC kwalifikasie te verkry.

Wat is die NKR? Die Nasionale Kwalifikasie Raamwerk is die liggaam waar alle kwalifikasies geregistreer moet word. Die kwalifikasies het verskeie vlakke, bv graad 9 is die ekwivalent van NKR 1; graad 10 is ekwivalent aan NKR 2; graad 12 is ekwivalent aan NKR 4. Elke kwalifikasie bestaan uit verskeie boustene wat "eenheidstandaarde" genoem word. Ten einde die kwalifikasie te kan verwerf, moet 'n leerder bevoeg wees in al die relevante eenheidstandaarde. Die NVC kwalifikasie word gestel as 'n NKR 2 en NKR 4.

Die opleiding wat deur die TETA befonds word, word gestel as NKR 2, dws op 'n graad 10-vlak.

Wie is ons teikengroep?

- Die jeug en jong volwassenes tot ouderdom 35 jaar. As die leerder egter ouer as 35 jaar is, maar hy/sy kan werk verskaf aan persone wat jonger as 35 jaar is, sal hul aansoeke ook oorweeg word.
- Persone wat hul eie besigheid bestuur of dit graag wil doen.

Keuringskriteria: Alle aansoekers sal aan 'n keuringsproses en psigometriese toetsing onderwerp word.

Aanvangsdatum van opleiding: Die opleidingsprojek sal 'n aanvang neem tydens die 1ste week van Mei 2009.

Om aansoek te doen vir hierdie opleiding – bespreek dit met u IWRM projekgroep, kry 'n skriftelikke nominasie en skryf asseblief 'n motiveeringsbrief. Stuur aan IWRM per faks na 023 347 0336 voor 15 April 2009

Landbou kortkursesse

Training Opportunities with the Department of Agriculture - April

6 – 9 April Bemarking / Marketing;
Plek / Place: Citrusdal

6 – 9 April Finansiele Bestuur / Financial Management;
Plek / Place: Ebenaezer

14 – 17 April Lewensorientering / Life Orientation;
Plek / Place: Citrusdal

21 – 23 April Computers / Rekenaars;
Plek / Place: Clanwilliam

Kontak vir Ella Bisset om 'n plek te bespreek (021) 950 7229